# SILWERKUIN ACVV HUIS VIR BEJAARDES

Fonteinstraat 41
WELLINGTON
Tel 021 873 1040

---

Goeiedag

U navraag rakende aansoek om opname by ACVV Silwerkruin verwys.

Dit is belangrik dat die korrekte keuringsprosedure vir die opname van 'n Ouer Persoon in ACVV Silwerkruin gevolg word. Keuring moet geskied in lyn met die Wet op Ouer Persone, Wet 13 van 2006 soos gewysig. Dit verseker 'n deursigtige en regverdige proses, maar beskerm ook individue teen beskuldigings van partydigheid of onregverdige besluitneming.

Daarom keur ACVV Silwerkruin se Keurkomitee aansoeke vir plasing op die **waglys** of plasing op die **Prioriteitswaglys.** Elke aansoeker se aansoek word oorweeg vir die mees gepaste sorg. Die Keurkomitee besluit of die persoon aan die kriteria voldoen om die applikant se naam op die Waglys of Prioriteitslys te plaas.

> **Waglys –** Beteken ek stel belang, maar is nog nie gereed nie. Ek wil voorsiening vir die toekoms maak.
> **Prioriteitswaglys**– Beteken - Gereed vir opname en reg vir toelating weens gesondheids, liggaamlike verswakking en/of veranderde omstandighede. 'n Volledige stel aansoekvorms word benodig om op prioriteitslys geplaas te word ten einde te kan bepaal waar mees geskikte verblyf vir applikant sal wees

Om u naam op die **Waglys** te plaas, voltooi aangehegte voorlopige aansoekvorm.

Silwerkruin het enkelkamers, dubbelkamers, woonstelle en sorgafdelings. Die woonstelle het hul eie badkamer en kombuisgerief, terwyl alle kamers geriewe in die gang deel.

Die maandelikse tarief sluit in:

- 3 x etes per dag
- Tee en koffie op aangewese tye
- Wasgoeddiens
- Skoonmaakdiens
- Hulp met 'n verplegingsonderbou (In die woonstelle is nie 24uur per dag versorging beskikbaar nie).
- Medikasiebeheer (inwoner betaal wel ekstra vir blisterverpakking).

Aansoekvorms kan per hand by Silwerkruin gelewer word of per epos gestuur word na admin@silwerkruin.com

Kontak gerus die Bestuurder indien daar enige onduidelikheid is.

Vriendelike groete

Bestuurder